**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

**DATUM: 2/8/2005**
**SAAKNOMMER: 27303/03**

**ONRAPORTEERBAAR**

**In die aansoek tussen:**

**GERTRUIDA CATHERINA JOHANNA JANSEN** Applikante

en

**JELDO BOB JANSEN** Respondent

---

**UITSPRAAK**

---

(1) In hierdie aansoek vra die Applikante vir 'n bevel in terme waarvan die alleen voogdyskap oor die twee minderjarige kinders J P en G A Jansen aan haar toegeken word en dat die egskeidingsbevel en skikkingsooreenkoms daarby ingelyf gedateer 3 September 1998 dienooreenkomstig gewysig word en verdere alternatiewe regshulp waarna hieronder verwys word. In 'n teenaansoek vra die Respondent vir 'n bevel in terme waarvan die Applikante vir gevangesetting verwys word weens die nie-

nakoming van die bepalings van die egskeidingsbevel. In 'n tweede aansoek onder dieselfde saaknommer versoek die Applikante dat 'n kurator ad litem vir die kinders aangestel word.

(2) Die partye is op 3 September 1998 geskei na 'n ongeveer 10 jaar lange huwelik. In terme van die bevel van hierdie Hof is toesig en beheer van die twee genoemde kinders aan die Applikante toegeken onderhewig aan redelike toegangsregte ten gunste van die Respondent, wat behels het die reg om die kinders te verwyder elke alternatiewe naweek vanaf Vryadag 17h00 tot Sondag 19h00, alternatiewelik skoolvakansies en dat die toegangsregte met sekere kwalifikasies wat betref die kort en lang skoolvakansies, onderhewig sou wees daaraan dat dit nie inmeng met die kinders se sosiale, skolastiese- en godsdiensaktiwiteite nie.

(3) Op stadium toe die partye van mekaar geskei is in 1998, was die seuns J A sewe jaar oud en G A Jansen (A) vyf jaar oud. Die huwelik was stormagtig en het gepaard gegaan met ernstige geweld waaraan die kinders blootgestel was en wat hulle ernstig getraumatiseer het.

(4) Gedurende Maart 1999 en ongeveer ses maande na die egskeiding, is die Respondent weergetroud. Volgens verslae van deskundiges waarna hieronder meer volledig verwys word, was daar sedert April 1999 probleme tussen die partye met betrekking tot die uitoefening van toegang deur die Respondent tot die seuns en as gevolg waarvan die Gesinsadvokaat verdere ondersoek gedoen

het. Die ondersoek het aanleiding gegee daartoe dat die Gesinsadvokaat aanbeveel het dat die ouers moet voortgaan met ouerleiding en dat die kinders se besoeke aan die vader onder leiding van kundiges ingefasseer word aangesien beide die seuns onwillig was om naweke en vakansies saam met die Respondent deur te bring. Gedurende die tweede helfte van 1999 het die Respondent as Applikante onder saaknommer 16627/99 'n aansoek gebring in terme waarvan h y versoek het dat die Applikante ( Respondente in daardie aansoek) ter gevangesetting verwys word weens minagting van die egskeidingsbevel en in besonder deurdat die Applikante weier dat hy toegangsregte tot sy seuns uitoefen. Uitspraak en bevel is gegee by monde van Van Dyk R in terme waarvan die Applikante (Respondent in daardie aansoek) ter gevangesetting verwys is vir 'n periode van drie maande maar dat die gevangesetting opgeskort word vir 'n periode van twee jaar op voorwaarde dat die Applikante haar verpligtinge ingevolge die hofbevel van 17 November 1999, nakom.

(5) Die bestaande egskeidingsbevel is ook aangevul deur van Dyk R met die byvoeging dat die toegangsregte van die Respondent (Applikant in d aardie aansoek) uitgeoefen word met die hulp, bystand en ouerleiding van M Leistner, 'n kliniese sielkundige en me I Schutte In maatskaplike werker met die verstandhouding dat die kinders se besoeke aan die Respondent geleidelik ingefasseer moet word soos aanbeveel deur die Gesinsadvokaat in die verslag van 15 November 1999 en wat voor die geleerde Verhoorregter gedien het.

(6) Hoewel die Applikante en Respondent reeds voor hulle egskeiding by verskeie kundiges berading ontvang het vir die huweliksprobleme, is verslae by die hofrekord geïnkorporeer van professor Johann P Piek, 'n kliniese sielkundige wat reeds sedert Februarie 1998 by die familie en die kinders ingeskakel was. Professor Piek het verskeie verslae uitgebring waarvan die laaste gedateer is November 2004 en waarna hieronder meer volledig verwys word.

(7) Kort nadat die bevel in saaknommer 16627/99 op 17 November 1999 toegestaan is, het me Marie Herholdt op 18 Oesember 1999 aan die kantoor van die Gesinsadvokaat verslag gedoen nadat die Applikante en die twee seuns by haar ingeskakel was vir berading. Me Herholdt wat reeds sedert 1952 as maatskaplike werker praktiseer en spesialiseer in individuele, huwelik- en egskeidingsberading het 'n omvattende ondersoek gedoen na die belange van die seunssoos blyk uit haar verslag en wat deel uitmaak van die hofstukke met insae in alle verslae wat op daardie stadium dit wil sê teen die einde van 1999 reeds beskikbaar was. Haar verslag bevat 'n betekenisvolle kronologiese uiteensetting van die ondersoeke en verslae wat betrekking het op die welsyn van die twee seuns. Op bladsy 8 van haar verslag, p. 116 spreek sy haar kommer uit oor die Gesinsadvokaatverslag wat voor die Hof gedien het tydens die aanhoor van die aansoek onder saaknommer 27303/03 wat as 'n interim verslag op 15 November 1999 geliasseer is, een dag voor die aansoek aangehoor is. Me Herholdt spreek haar kommer uit oor die korrektheid van die verslag, die gebrek aan betroubare evaluasie en die aanbevelings daarin vervat, wat ook lynreg in stryd is met wat die Gesinsadvokaat tevore aanbeveel het.

(8) Deel van die bevinding van me Herholdt verwys na 'n verslag van die RP kliniek waarna die Applikante die kinders geneem het vir terapie. In die verslag is gedokumenteer dat die twee seuns vir die drie tot vyf jaar voor die egskeiding (dit wil se die laaste gedeelte van die huwelik) wat ongeveer 9 jaar geduur het, blootgestel was aan 'n onstabiele huwelik en lewensomstandighede. Volgens die verslag het hulle baie geweld aanskou en was selfs met geweld van die moeder verwyder. Sedertdien wil die seuns altyd weet waar hulle moeder is en waarheen sy gaan. Dit word vermeld dat die kinders ernstig getraumatiseer was as gevolg van hierdie gebeure en blootstelling en dat hulle angs en onsekerheid oor hulle pa-figuur reeds in daardie tyd ontstaan het. Me Herholdt vermeld soos volg:

> *"My bevinding is dat daardie geweld nog diep in die kinders se gemoed lê"*

(9) Na aanleiding van die bevel van die Hof onder saaknommer 27303/03 het die Applikante met die swaard van gevangenisstraf oor haar kop aldus haar getuienis, alles in haar vermoë gedoen om gedurende 2000 en 2001 uitvoering aan die bevel te gee sodat die Respondent sy toegangsregte kon uitoefen. Dit het duidelik gepaard gegaan met konflik wat beskryfword in die eedsverklarings deur beide partye en in terme waarvan die Respondent die Applikante herhaaldelik daarvan beskuldig dat sy die seuns beïnvloed het teen die uitoefening van toegangsregte deur die Respondent en dat hulle voortdurende weerstand om by die Respondent naweke te gaan woon en vakansies na hom te gaan, toeskryf aan die Applikante se onbehoorlike beïnvloeding van die

seuns. Die beëdigde verklarings bevat verskeie bewerings en teenbewerings in die verband sodat daar geen duidelikheid uit die eedsverklarings blyk of sodanige onbehoorlike beïnvloeding wel 'n rol gespeel het nie. Dit blyk egter wel uit die beëdigde verklarings dat die konflik tussen die partye met betrekking tot die toegangsregte vir die seuns verder en ernstige trauma tot gevolg gehad het wat gemanifesteer het in angs, depressie en fisiese simptome soos bedbenatting en maagaandoenings veral wat betref die seun J A. Dit is duidelik dat die konflik tussen die partye, wie ook al die aandadig daaraan was, die onvermydelike gevolg gehad het dat die seuns in hulle onvolwasse gemoedere die trauma en konflik intens en tot hulle nadeel beleef het. Dit is duidelik dat die uitoefening van toegangsregte deur die Respondent gedurende die tydperk tot Augustus 2001 onsuksesvol was ongeag die betrokkenheid van die sielkundige, me Leistner en die maatskaplike werker, me Schutte,

(10) Op 8 Augustus 2001 het die prokureur vir die Respondent, mnr A de Klerk 'n skrywe aan die Applikante se prokureur gerig in terme waarvan die Respondent uit eie beweging sy toegangsregte tot sy seuns opgeskort het vir 'n onbepaalde tyd. Om reg te laat geskied aan die motivering van die Respondent vir sy optrede is dit noodsaaklik dat die volle inhoud van die skrywe wat betrekking het op die twee seuns en die toegangsregte tot hulle vervolgens aangehaal word:

*"1. Ons kliënt is van mening dat u kliënt die bepalings van die hofbevel van Regter van Dyk gedateer 17 November 1999 minag, en dat u kliënt uit haar pad gaan om ons kliënt se toegangsregte tot die twee seuns te bemoeilik en te frustreer.*

*Ons kliënt het dit baie ernstig oorweeg* om *stappe teen u kliënt aanhangig te maak vir die minagting van die hofbevel.*

2. *Dit is vir ons kliënt baie duidelik dat beide die twee seuns negatief beïnvloed word teenoor ons kliënt en sy eggenote, Amelia. Oit bring mee dat wanneer die kinders ons kliënt besoek, hulle veral die eerste aand uiters gespanne en ongemaklik is in* so *'n mate dat veral J A nie aan die slaap kan raak nie en dat hy gereeld vra vir 'n susmiddel* om *te kan slaap.*

*In die verband verwys ons na u kliënt se skrywe van* 12 *Julie 2001 gerig aan ons firma wat feitelik onwaar is. Die enigste susmiddel wat ons kliënt op doktersadvies wel van tyd tot tyd aan J A toedien is Eglonyl. Die dosserings is baie laag en is geensins skadelik vir kinders nie. Mariette Leistner was in verbinding met dr Karin Fuls en* sy *het bevestig dat die kalmeermiddel en antidepressant naamlik Prozac wat* sy *vir die kinders voorgeskryf het eers onlangs geskied het. Dit is egter nooit aan ons kliënt gekommunikeer nie.*

3. *Ons kliënt het die kinders se omstandighede en veral hulle geestelike welsyn bespreek met Mariette Leistner en ons kliënt en* sy *eggenote het tot die slotsom en oortuiging gekom dat dit in die beste belang van die kinders sal wees indien hy vir 'n onbepaalde tyd nie* sy *toegangsregte tot die kinders u itoefen nie. Hierdie besluit is nie Iigtelik geneem nie en dit is nie geneem omrede ons kliënt* sy *verantwoordelikhede teenoor die kinders wil ontduik nie.*

*Ons kliënt moet die geluk en die welsyn van die kinders in* ag *neem asook die van sy eie familie.*

4. *Ons kliënt het hierdie besluit persoonlik aan die kinders oorgedra gedurende die naweek van* 29 *Julie 2001 en ook Mariette Leistner se hulp ingeroep* om *dit aan hulle te verduidelik. Dit kom vir ons kliënt voor dat hulle die omstandighede begryp. Hulle is die versekering gegee dat ons kliënt hulle enige naweek* of *vakansie by hom sal neem indien hulle dit* so *wil hê.*

5. *Ons kliënt sal derhalwe vir 'n onbepaalde tydperk nie die kinders elke tweede naweek asook elke tweede vakansie meer by hom neem nie. Hierdie besluit is geneem sonder benadeling van ons kliënt se regte en omdat ons kliënt en* sy *eggenote voel dat dit huidiglik in die beste belang van die kinders is."*

(11) Volgens die Applikante se getuienis, en wat nie betwis word deur die

Respondent nie, het die Respondent na hierdie skrywe nie weer enige kontak van enige aard met die twee seuns gehad vir 'n periode van ongeveer twee jaar nie.

(12) Die Applikante verhaal in haar beëdigde verklaring dat sedert Julie 2001 en nadat die Respondent alle kontak met die seuns opgeskort het hulle ontluik het in twee gelukkige lewenslustige en gebalanseerde kinders en dat die ontluiking die gevolg is daarvan dat die negatiewe spanning en trauma uit hulle lewe verdwyn het en wat volgens haar, verband gehou het met die besoeke aan die Respondent. Sy getuig dat die kinders op akademiese en sportgebied gedurende hierdie tydperk uitstekende prestasies behaal het. Volgens die Applikante het sy kort na ontvangs van die skrywe van die prokureur van die Respondent op 28 Julie 2001, die seuns laat inskakel by professor Johan Piek sodat hulle die optrede van die Respondent op 'n sinvolle en verantwoordelike wyse kon verwerk. Die Applikante se getuienis ten aansien van die ontluiking van die seuns gedurende hierdie periode word deur professor Piek onderskryf in sy verslag van 12 September 2003 (p. 58)

(13) Ongeveer twee jaar later en op 2 September 2003 het die Respondent nadat hy gedagvaar was om in die Pretoria se Onderhoudshof te verskyn 'n skrywe aan die Applikant gerig waarin hy, aandring daarop dat hy die seuns gedurende 'n naweek in September by hom wil neem. Hierdie optrede het opnuut spanning by die twee seuns laat ontstaan en volgens die Applikante se getuienis, het die twee seuns geweier om die Respondent weer te sien en het hulle beswaar

gemaak teen die optrede van die Respondent omdat hy in die teenwoordigheid van me Leistner vir hulle duidelik laat verstaan het tydens die ontmoeting gedurende Julie 2001 dat hy slegs die seuns weer sal sien indien hulle daartoe sou toestem.

(14) Die Applikante is daarop geadviseer om die huidige aansoek te loods waarvan sy die beëdigde verklaring op 26 September 2003 onderteken het en waarin sy versoek dat alleenvoogdyskap van die twee kinders aan haar toegeken word. In 'n alternatiewe bede (en indien die aansoek vir alleenvoogdy nie toegestaan word nie), versoek die Applikante dat die Respondent die reg van redelike toegang uitoefen vir een uur e en m aal per week totdat die Agbare H of , n verdere bevel toestaan. Die Respondent het aanvanklik die aansoek teengestaan by wyse van 'n bestrydende beëdigde verklaring wat op 29 Oktober 2003 geliasseer is maar het later op 5 Desember 2003, 'n teenaansoek geloods in terme waarvan hy 'n bevel versoek wat verklaar dat die Respondent in minagting is van die egskeidingsbevel en waarin hy versoek dat die Applikante vir gevangenissetting verwys word en dat die beheer en toesig aan hom toegeken word vir die duur wat die Applikante in die gevangenis verkeer. Die teenaansoek is geloods in weerwil daarvan dat die Respondent in sy opponerende beëdigde verklaring versoek het dat die Applikante se aansoek van die hand gewys word met alternatiewe bedes dat die Applikante en die seuns onderwerp word aan konsultasie en evaluasie deur mee Leistner en Schutte. In 'n verdere alternatiewe bede het die Respondent versoek dat die Hof gelas dat die Gesinsadvokaat die aangeleentheid ondersoek saam met die

genoemde deskundiges en professor Piek en daarna 'n verslag uitbring oor wat in die beste belang van die twee seuns sal wees.

(15) Die Respondent verduidelik in sy beëdigde verklarings dat hy tot die besluit gekom h et in 2001 om nie verder die seuns te sien nie as gevolg van die onaangenaamheid (soos hy dit noem) wat ondraaglik geword het tot so 'n mate dat hy en sy huidige eggenoot tot die besef gekom het dat die Applikante se optrede hulle huweliksgeluk nadelig beïnvloed indien die omstandighede sou voortduur. Volgens sy getuienis was hy in werklikheid, soos hy dit gesien het, genoodsaak om die Respondent vir gevangenissetting te verwys weens haar minagting van die hofbevel, alternatiewelik moes hy besluit om die twee seuns vir 'n onbepaalde tyd nie te sien nie. In die verdere repliserende verklaring (p. 205) geliaseer in die teenaansoek vir gevangenissetting van die Applikante verklaar die Respondent dat hy van mening was dat die omstandighede sodanig was dat die uitoefening van die toegangsregte deur hom die twee seuns ontstel het. Verder voer hy aan dat die Applikante die die toegangsregte tot die twee seuns onaangenaam en ondraaglik gemaak het tot so 'n mate dat hy nie verder daarop wou aandring nie. Hy verwyt die Applikante dat sy nie toesien daartoe dat die seuns 'n gesonde verhouding met hulle pa handhaaf nie en verder beweer hy dat die seuns se onsekerheid en angs wat nou weer manifesteer (nou dat hy na twee jaar sy toegangsregte weer wil uitoefen), die gevolg is van 'n persepsie oor hom wat die Applikante by die seuns skep. (p. 206).

(16) Daar is ook 'n beëdigde verklaring van mnr Barend Jacobus de Klerk tot die

1 Applikante se opponerende beëdigde verklaring (in die teenaansoek van die Respondent vir gevangenissetting) waarin hy, (die swaer van die Applikante) verwys na 'n gesprek wat hy met me Leistner gehad het toe sy die seuns by hom kom aflaai het op 28 Julie 2001 , dit wil S8 op stadium toe die Respondent besluit het en die seuns aldus meegedeel het in die teenwoordigheid van me Leistner dat hy vir 'n onbepaalde tyd hulle nie sal sien nie. Mnr de Klerk verklaar in Aanhangsel "R3", p. 125 dat me Leistner hom meegedeel het dat sy die Respondent geadviseer het dat hy ter wille van die seuns vir 'n tydperk van minstens ses maande hulle nie moet sien nie sodat die seuns se spanningsvlakke ten aansien van die Respondent kan verminder. Sy het ook daarna gewag gemaak teenoor die genoemde de Klerk dat die Respondent sy gesinsituasie met sy nuwe eggenote in ag moes neem aangesien sy die huidige eggenoot daarop aangedring het.

(17) As raadgewer en berader was professor Johan Piek, 'n kliniese sielkundige betrokke by die gesin sedert Februarie 1998 en voordat die egskeidingsbevel toegestaan is. Professor Piek het verskeie verslae gepubliseer oor sy ondersoek op 2 Maart 1998, 28 Augustus 1998, 6 Desember 2001, 12 Desember 2003 en op 16 November 2004. Nie al die verslae vorm deel van die hofrekord nie. Dit is veral die laaste verslag van 16 November 2004 wat van wesenlike belang is met betrekking tot die belange van die seuns. Dit blyk uit die verslag (op bl. 79 e.v. van die aansoek vir aanstelling van 'n kurator ad litem) dat professor Piek deurgaans sedert 1998 die familie leer ken het tot so In mate dat hy verklaar dat hy in 'n posisie is om homself oor die belange van die kinders uit te spreek. Met

verwysing na sy vorige verslae waar verskeie van sy standpunte gedokumenteer is, verklaar hy dat in verskeie sake wat sy loop geneem het en nieteenstaande die insette van sielkundiges, maatskaplike werkers, psigiaters, prokureurs en advokate, die dispuut met betrekking tot die belange van die kinders en in besonder die toegangsregte van die Respondent 'n stadium bereik het dat dit noodsaaklik is om aandag te gee aan wat in die kinders se belang is en ook om te luister na wat hulle se. Hy verklaar dat die felle stryd tussen die ouers deurentyd die tol gee is het in die geestestoestand van die twee seuns wat daartoe aanleiding gegee het dat die stresvlakke wat hulle beleef het as patalogies beskryf kan word en dat dit iets is wat nooit weer behoort te gebeur nie.

(18) Hy verwys na die twee insidente wat die kinders se vertroue ernstig geskend het naamlik toe hulle moeder aan die bevel van gevangenissetting onderwerp is wat 'n ernstige emosionele skok vir albei meegebring het deur die dreigement dat hulle die teenwoordigheid en ondersteuning van hulle moeder sou verloor. Die tweede insident was toe die Respondent aan die hand van sielkundige raad aangekondig het dat hy vir ses maande geen kontak met die seuns sou hê nie en na ses maande sou besluit of hy dit sou verander of nie. Sedert Julie 2001 tot op stadium wat die verslag uitgebring is, so verklaar professor Piek, was daar nooit weer kontak tussen die seuns en hulle vader nie.

(19) In sy verslag van 12 September 2003 (p. 60) het professor Plek na die Respondent se besluit om hom van sy kinders te onttrek verwys op die basis dat

in die 30 jaar wat hy met kinders werk en hoofsaaklik te doen het met die belange van kinders in beheer en toesig sake, die onttrekking deur die vader in hierdie bepaalde omstandighede een van die eienaardigste terapeutiese maneuvers is wat hy nog teegekom het. Hierdie optrede het noodwendig die verhouding tussen vader en seuns ondermyn soos wat hy volledig uiteensit in sy jongste verslag van 16 November 2004.

(20) Professor Piek verwys na die laaste onderhoud wat hy met die seuns gehad het voordat hy sy verslag van 16 November 2004 uitgebring het en welke onderhoud plaasgevind het op die 9de November 2004. Op hierdie stadium het die seuns hulle vader se hernude pogings om met hulle kontak te maak en sy oogmerk om beheer en toesig oor hulle te verkry, bespreek. Hulle het teenoor professor Piek hulle ontsteltenis uitgespreek. Seide seuns het vermeld dat hulle nie weer hulle vader wil sien nie en dat niemand hulle daartoe behoort te dwing nie. Professor Piek het weer 'n mate van onrus en angstigheid by die seuns bemerk en 'n behoefte om bloot met hulle lewe aan te gaan soos wat dit die afgelope paar jaar sedert Julie 2001 was. Uit die aanbeveling van professor Piek en met in ag neming van die inhoud van al die'vers1a-e'wat 'deel uitmaak van die hofstukke, blyk dit duidelik dat hy bevind het dat daar geen primere binding tussen vader en seuns tot stand gekom het nie.

(21) Daar is afgesien van die verslae van professor Piek verskeie verslae van ander deskundiges wat op sekere gegewe tydperke sedert 1998 die kinders geevalueer het ten aansien van hulle belange, die geskiktheid van hulle moeder

as die beheer en toesighoudende ouer en in besonder verder die vader, die Respondent se verhouding met sy seuns. Uit hierdie verskeie verslae waarvan die meeste onafhanklik van mekaar saamgestel is, blyk dit soos uit die verslag van professor Piek, dat die seuns 'n vrees vir hulle vader het en dat hulle oor die algemeen verwerping van hom ervaar.

(22) Reeds in sy verslag van 12 September 2003 het professor Johan Piek in die slotparagraaf van daardie verslag (p. 61) die mening uitgespreek na aanleiding van die Respondent se aandrang om sy toegangsregte weer na 'n periode van twee jaar uit te oefen dat hy die mening toegedaan is dat daar nou opgetree moet word *met* in ag neming wat in die beste belang van die twee seuns is. Daarom, het hy hom vereenselwig met die seuns se pleidooi wat herhaaldelik teenoor hom uitgespreek is dat die Respondent nie weer 'n rol in hulle lewe moet speel nie. Professor Piek het die mening uitgespreek dat hierdie nie 'n geval is van seuns wat van hulle vader vervreem is nie maar in teendeel dit 'n geval is dat die vader hom van sy seuns vervreem het.

(23) Op 28 Januarie 2004 het 'n sielkundige mnr Staats van Rooyenook die twee seuns gespreek weens die Applikante se bekommernis oor hulle emosionele welstand. Hoewel die sielkundige eenmalig met die familie te doen gehad het, het hy in sy kort verslag (p. 169-168) dieselfde bevinding gemaak wat hy soos volg beskryf in sy verslag:

*"Dit blyk uit beide kinders se projeksies dat hulle ernstig getraumatiseer*

> *is as gevolg van hulle vader se negatiewe en afbrekende optrede jeens hulle. Hulle het hom lanklaas gesien en spreek 'n baie sterk begeerte uit* om *geen kontak met hom te hê nie aangesien hy hulle met sy optrede ontstel. Beide seuns noem verskeie insidente wat kan dui op psigopatalogie by hulle pa wat onder andere deur professor Piek in sy verslag aangedui word. Hulle blyk 'n diepgewortelde vrees vir hulle pa te hê en ervaar intense verwerping deur hom. Die lang afwesigheid van enige poging tot sinvolle kontak met hulle, versterk die gevoel verwerping."*

(24) Twee maatskaplike werkers in die persoon van mee. Lizelle de Villiers en Wilna Stander het ook die twee seuns geevalueer aan die einde van Januarie 2004 soos blyk uit hulle verslae wat ingebind is in die stukke vanaf p. 171 tot 198. Seide die maatskaplike werkers was oortuig op stadium toe hulle die verslae uitgebring het dat dit nie in die seuns se belang is dat die Respondent enige toegangsregte tot hulle uitoefen nie.

(25) Hoewel die Respondent aanvoer in sy opponerende beedigde verklarings (ook die geliaseer in die aansoek vir gevangesetting van die Applikant) dat die verslag van professor Piek met groot versigtigheid bejeen moet word en dat hy nie objektief is nie, verskaf die Respondent geen getuienis wat sy bewerings met betrekking tot professor Piek met betrekking tot professor Piek onderskryf of staaf nie. Hy kritiseer professor Piek daarvoor dat die sielkundige horn slegs een keer gespreek het en op grond daarvan gevolgtrekkings gemaak het wat foutief is. Hy het egter geen deskundige verslae by sy beëdigde verklarings aangeheg wat die bevindinge van professor Piek veral met betrekking tot die kinders se belange, hulle persepsie van hulle vader en hulle vrees vir hom, weerlê nie. In besonder het die Respondent behalwe sy eie getuienis geen deskundige

getuienis wat hom ondersteun in sy standpunt dat die Applikante die seuns van hom vervreem het nie. Behalwe vir sy kritiek soos voormeld, het die Respondent ook wat die getuienis van die sielkundige mnr Staats van Rooyen en die twee maatskaplike werksters mee de Villiers en Stander, geen getuienis gegee uit 'n deskundige oogpunt wat die standpunte en gevolgtrekkings van die genoemde sielkundiges en die maatskaplike werksters weerlê nie. Die blote stelling deur die Respondent dat die deskundiges eensydig is in hulle bevinding (p. 206 en p. 211) doen geen afbreuk aan die verslae en die bevindinge van die deskundiges en die gewig wat aan hulle bevindinge verleen moet word nie.

(26) Die Gesinsadvokaat het op 4 Maart 2005 kort voordat die aansoek aangehoor is op 24 Maart 2005 'n verslag uitgebring waarin sy onder andere verwys na die verslae van verskeie van die terapeute en sielkundiges hierbo na verwys en samesprekings wat met die onderskeie deskundiges insluitende professor Piek, gevoer is. Uit die verslag van die Gesinsadvokaat word die opmerking gemaak dat uit verskeie professionele verslae die seuns pertinent aangedui het dat hulle nie toegang tot die Respondent wil hê nie. Die Gesinsadvokaat verwys ook daarna dat die deskundiges tydens die samesprekings saamgestem het dat die Applikante deur haar optrede "ouervervreemding" tussen die Respondent en kinders bewerk het. In die verband word verwys na Soller N.O. v G and Another 2003 (5) 430 WLD op 444. Die bevinding van die Gesinsadvokaat met betrekking tot die Applikante se aandadigheid tot ouervervreemding het 'n beëdigde verklaring ontlok van die Applikante waarin sy ondersteun was deur professor Piek en waarin professor Piek (p. 88) uitdruklik verklaar dat hy ontken

dat hy dit eens was met die deskundiges tydens die samesprekings dat die Applikante verantwoordelik is vir die ouervervreemding. In die verklaring van die Applikante (p. 84 e;v.) wat deur professor Piek bevestig word as korrek, getuig sy dat professor Piek tydens die samesprekings drasties verskil van die Gesinsadvokaat wat betref die Applikante se beweerde aandadigheid aan ouervervreemding. Professor Piek was uitgesproke gekant teen die opinie van die Gesinsadvokaat en het haar attent gemaak op sy verslag waarvan 'n afskrif aangeheg is by die verslag van die Gesinsadvokaat as bylae C en waarna hieronder volledig verwys word. Uit die verslae van al die deskundiges blyk dit dat daar geen pertinente bevinding deur enige van die kundiges gemaak dat die Applikante aandadig is aan ouervervreemding nie. Die inhoud van die besprekings van die Gesinsadvokaat met die kundige (wat professor Piek ingesluit het) gee ook geen aanduiding op watter getuienis of verslae van die kundiges hierdie bevinding gebaseer is nie. Die Gesinsadvokaat het onder andere gesteun op die verslag van ds. Momberg van die Gereformeerde Kerk na aanleiding van die Applikante se beweerde optrede tydens die egskeiding en die feit dat sy haar bedoeling uitgespreek het om die Respondent van die kinders te vervreem. Dit is duidelik dat die Gesinsadvokaat groot beklemtoning op die verslag van ds. Momberg geplaas het sonder om in die verslag aan te dui dat die verslag reeds in 1998 uitgebring is nadat die Applikante reeds in 1997 die betrokke gemeente waar hy predikant was, verlaat het. In die verslag word voorgegee dat ds. Momberg gedurende om en by Augustus 2004 betrokke was by bearbeiding en berading deur homself en enkele van sy ampsdraers. Die bewerings word deur die Applikante ontken as onwaar aangesien sy vir 'n

periode van meer as agt jaar nooit weer enige kontak met ds. Momberg gehad het nie. Die verslag van ds. Momberg gee verkeerdelik weer dat die berading van ds. Momberg met die seuns en die Applikant onlangs, dit wil se kort voor sy verslag op 6 Augustus 2004 plaasgevind het. Dit blyk egter by 'n behoorlike bestudering van die verslag van ds. Momberg dat dit terugverwys na die tydperk toe die egskeiding hangende was en dat die persepsies van die predikant gevorm is tydens hierdie periode en nie daarna nie. In die verslag beweer die Gesinsadvokaat dat samesprekings tussen die deskundiges op 3 Desember 2004 plaasgevind het wat insluit professor Piek, me Leistner, me Schutte en W Stander en L de Villiers. Mnr S van Rooyen was nie teenwoordig nie. In paragraaf 8 van die verslag beweer die Gesinsadvokaat dat die deskundiges saamgestem het dat die Applikant deur haar optrede ouervervreemding tussen die Respondent en die kinders bewerk het. Hierdie bevinding van die Gesinsadvokaat strook nie met die verslag van die gesinsraadgewer me E Beeslaar nie (p. 60 e.v.) (waarop die Gesinsadvokaat se bevindinge gebaseer is nie). In paragraaf 10 van die gesinsraadgewer se verslag dui sy uitdruklik aan dat tydens die samesprekings die deskundiges dit eens was dat *"parental alienation"* nie buite rekening gelaat behoort te word nie. Die benadering strook nie met wat die Gesinsadvokaat stel as 'n positiewe bevinding stel waaroor die deskundiges saamgestem het nie. Tot die mate wat die Gesinsadvokaat in die verslag aan die Hof voorhou dat die Applikant haar skuldig gemaak het aan ouervervreemding, is die stelling nie op enige getuienis gebaseer nie en ook nie op enige van die verslae en bevindings van die deskundigas nie. Geen verslag van die sielkundige, me Leistner of die maatskaplike werkster me Schutte is by

die Gesinsadvokaat se verslag aangeheg nie. Daar bestaan dus geen getuienis vir die bevinding wat die Gesinsadvokaat gemaak het nie.

(27) Die aanbeveling van die Gesinsadvokaat in die verslag is dat die bewaring aan die Applikante toegeken word, dat albei partye voogdyskap van die kinders hou en dat redelike toegang aan die Respondent toegestaan word onder toesig van In professionele persoon wat beperk word tot een besoek en een keer per maand van ten minste een uur of langer.

(28) Wat na vore kom met betrekking tot die lang aanloop in die geding tussen die partye is of dit in belang van die seuns dat die Respondent enige vorm van toegang tot die seuns behoort uit te oefen met in ag neming van die bogenoemde aanbeveling van die Gesinsadvokaat en verder of met in agneming van die belange van die twee seuns, alleen voogdyskap aan die Applikante toegeken moet word.

(29) In terme van die Wet o p V oogdyskap, Wet 1 92 van 1 993 h et beide ouers voogdyskap oor hulle kinders gebore uit 'n huwelik ook na datum van egskeiding. In terme van art. 6(3) en (8) van die Egskeidingswet, No. 70 van 1979, is die Hof by magte om in terme van 'n egskeidingsbevel of die wysiging daarvan, alleen voogdyskap aan enige van die ouers ten aansien van 'n minderjarige kind gebore uit die huwelik toe te ken op voorwaarde dat dit in die beste belang van die kind of kinders is. Die Hof is aldus by magte om na egskeiding alleenvoogdyskap aan In ouer toe te ken in terme van die bepalings

van art. 5(1) van die Wet op Huweliksgoedere No. 37 van 1953 soos gewysig.

(30) Die enigste oorweging vir die wysiging van 'n bestaande egskeidingsbevel en die toekenning van alleenvoogdyskap indien toepaslik, of In wysiging van toegangsregte van die ouers, is primêr gebaseer op die belange van die minderjarige kinders.

**Fortune v Fortune 1955(3) SA 348 AD 353-355**

(31) Met in ag neming van al die getuienis wat voor die Hof geplaas is, is daar geen twyfel soos wat die Gesinsadvokaat ook aanbeveel dat die kinders in die bewaring van die Applikante moet bly. Dit blyk oorweldigend uit die getuienis dat hulle belange die beste gedien word deur die sorg wat hulle ontvang by die Applikante en die ondersteuning wat hulle daar geniet. Met betrekking tot die vraag of die Respondent toegangsregte tot sy seuns moet uitoefen, selfs op die beperkte wyse soos wat die Gesinsadvokaat tans aanbeveel, is ek van mening dat die Gesinsadvokaat nie die verskeie verslae en in besonder die jongste verslag wat aangeheg is by die Gesinsadvokaatverslag (pp. 79-83) in ag geneem het nie. Die Gesinsadvokaat het veral nie in ag geneem dat professor Piek sedert 1998 met min onderbrekings voortdurend betrokke was by die seuns, as terapeut en sielkundige berader en 'n hegte band met hulle opgebou het oor 'n tydperk van ongeveer sewe jaar. Dit blyk dat die Gesinsadvokaat die aanbevelings van professor Piek hoewel dit behandel word in die verslag van die gesinsraadgewer oor die hoof gesien het in die aanbevelings wat gemaak is. In besonder het die Gesinsadvokaat nie aangedui waarom van die

aanbevelings van professor Piek afgewys of nie gevolg behoort te vind nie. In sake waar die belange van kinders voorop is, is die Hof noodwendig aangewese op die objektiewe hulp wat van deskundiges ontvang word. Daar is geen basis in die getuienis gelê waarom die verslae van professor Piek wat deurgaans betrokke was by die gesin en die aanbevelings deur hom gemaak nie as korrek in die beste belang van die seuns aanvaar moet word nie. Sy verslae is deurdag en gebaseer op sy ervaring van die seuns oor 'n tydperk wat strek oor ongeveer sewe jaar. In sy berading met die seuns het hy hulle baie goed leer ken en hy baseer sy bevindinge op sy deskundige waarneming van die seuns, hulle emosionele volwassenheid en die feit dat daar van hulle standpunte ernstig kennis geneem moet word.

(32) Die aanbevelings van professor Piek is die volgende:

> *"Uit my verbintenis met die seuns deur die jare, was dit duidelik dat die primêre binding met die vader altyd onder die soeklig was en syaanslag en kontak met die seuns het nooit werklik na vore gekom as 'n hegte vertrouensverhouding wat aan die seuns die nodige basiese sekuriteit gegee het asook die behoefte* om *'n verhouding met die vader ten alle koste te behou nie.*
>
> *Sedert die egskeiding, en veral na mnr Jansen weer getroud is en betrokke was in sy nuwe gesin, het die verhouding tussen die vader en sy seuns verder versuur tot so 'n mate dat hulle begin bang word het vir sy humeur en gedrag as-ook optredes in die openbaar.*
>
> *Die feit dat mnr Jansen besluit het* om *kontak met die seuns te verbreek was eers 'n skok maar later In verligting by hulle. Die jare wat hy hulle nie gesien het nie, het in beide seuns se lewe 'n verandering gebring waar hulle rustig hulle weg kon gaan en goed presteer het op skool en ander gebiede.*
>
> *Tans is die seuns weer hewig ontsteld dat die vader na soveel jare nou*

*weersytoegangsregte wil uitoefen, die moederdreig en moontlik beheeren toesig wil hê.*

*Dit is my opregte mening dat mnr Jansen tans nie in die beste belang van die kinders optree nie. Geen vader, op wie se advies ookal, verbreek totaal en al die kontak tussen hom en sy kinders met geen gelukwensings met die verjaardae of kersfees met 'n verbod* om *hom te kontak, en dan na meer* as *drie jaar skielik te verwag dat hierdie seuns hom nou met ope arms gaan ontvang nie.*

*Die realiteit is, nieteenstaande wat ookal die oorsaak, dat Andre en Albert nie meer mnr Jansen* as *hulle vader ervaar of wil erken nie. AI word die besluit deur die Hof geneem dat die vader wet toegang tot sy kinders mag hê, is die realiteit dat hulle dit sat afwys, dit hulle weer emosioneel onstabiel gaan laat en dat hulle op hul onderskeie ouderdomme seer sekerlik 'n se het oor die saak en simpatiek aangehoor moet word. Die seuns stel nie belang in kontak selfs onder supervisie nie en allermins dat hulle by die vader sat gaan bly."*

(33) Uit die bogemelde verslag van professor Piek blyk dit onder andere dat hy geen twyfel het na sy volgehoue kontak met die seuns dat hulle oor die vermoë en die emosionele rypheid beskik om hulle besluit wat betref die kontak met hulle vader self te neem en in sy teenwoordigheid op 'n spontane wyse oor te dra en sonder dat hulle aan manipulasie deur enige van die ouers en in besonder die Applikante onderhewig is nie. Die benadering van die Hof in hierdie verband is soos volg geformuleer in McCall v McCall 1994 (3) SA 201 CPO op 207 H-I:

*"On the other hand it is clear from such decisions* as *French v French* 1971 (4) SA 298 *(W) at 299H; Manning v Manning* 1975(4) *SA* 659 *(T) at 6618 and Martens v Martens* 1991(4) *SA* 287 *(T) at* 294-5 *that, if the court is satisfied that the child has the necessary intellectual and emotional maturity to give in his expression of* a *preference* a *genuine and accurate reflection of his feelings towards and relationship with each of his parents, in other words to make an informed and intelligent judgement, weight should be given to his expressed preference"*

(34) Uit die verskeie verslae van professor Piek is dit duidelik dat hy die seuns se

besluitneming vertrou op die basis dat dit nie gemanipuleerd is nie maar voortspruit uit omstandighede wat oor 'n lang tyd gekom het wat hierbo volledig behandel is en waarvan hy persoonlike ervaring het oor 'n lang tydperk.

(35) Hoewel 'n Hot normaalweg nie ligtelik die toegangsregte van 'n ouer aan bande lê of opskort nie, sal die Hot so 'n bevel maak indien dit in belang van die minderjarige kinders geag word.

**Etherington v Etherington 1928 CPO220;**
**Tibbs v Tibbs 1931 S.R.43;**
**E v E 1940 TPO 333;**
**Potgieter v Potgieter 1943 CPO 462; en**
**Van der Berg v Van der Berg, 1959 (4) SA 259(W)**

Uit die aard van die Hot se diskressie as oppervoog van alle kinders sal die Hot so In bevel in heroorweging neem indien die omstandighede wat so 'n bevel regverdig, sou verander.

(36) Ek is oortuig met in ag neming van al die getuienis soos hierbo uiteengesit en die verslae wat tot die beskikking van die Hot gestel is met die belange van die seuns as die primere oorweging, dat die bestaande hotbevel gewysig moet word in terme waarvan die alleenvoogdyskap oor die kinders aan die Applikante toegeken word soos uiteengesit in bede 1 van die kennisgewing van mosie. Op grond daarvan soos blyk uit die bostaande is daar geen meriete in die teenaansoek van die Respondent vir gevangesetting van die Applikante nie. Die teenaansoek word geweier met koste. Weens die aard van die aansoek

hier ter sprake en die oorwegings van die belange van die kinders wat op die spel is, en op grond van die diskressie waaroor die Hot beskik, word gelas met betrekking tot die aansoek vir alleenvoogdyskap en die opposisie daartoe, dat geen bevel van koste ten gunste van enige van die partye gemaak word nie. Dieselfde bevel word gemaak met betrekking tot die Applikante se aansoek vir die aanstelling van 'n kurator ad litem vir die kinders. Hoewel die regshulp in die aansoek wegval, was die eedsverklarings en verslae daarby aangeheg van belang vir die beregting van die aansoek met betrekking tot die belange van die kinders.

**BY GEVOLG** word die volgende bevel gemaak:

1 . Die egskeidingsbevel gedateer 3 September 1998 onder saaknommer 21026/97 word gewysig deurdat klousule 2 van die skikkingsooreenkoms, ingelyf by die hofbevel, in die geheel geskrap word en vervang word met die volgende:

*"2. Die alleenvoogdyskap oor die twee minderjarige kinders, J A en G A Jansen word hiermee aan die Eiseres toegeken."*

2. Geen bevel met betrekking tot koste in die aansoek van die Applikante en in die aansoek vir die aanstelling van 'n kurator ad litem word gemaak nie.

3. Die teenaansoek vir gevangesetting van die Applikante word atgewys met koste.

**A M BADENHORST (WR)**

**G C J Jansen** **Plaintiff**

**Vs**

**J B Jansen** **Defendant**

**Applikant se Prokcreurs:** **WF Bouwer Prokereur**
**Charlesstraat 489**
**Menlopark**
**Pretoria**

**ApIik.ant se advokaat:** **Adv: A Bosman**

**Respondent se Prokereur** **Pieterse & Curlewis**
**Namens Andre De Klerk Prokereurs**
**Lyndower Law Chambers**
**Die Randstraat 341**
**Lynwood**
**Pretoria**

**Respondent se regsverteenwoordiger: Dr L G Curlewis (Prokereur met verskyningsbeyoegdheid in die Hooggeregshof van Suid-Afrika in terme van Artikel 4(2) van Wet 62 van 1995)**